

Penniefluitjie

Hallo Maats,

Sjoe, hier is ons al weer in die helfte van die jaar - ek hoop julle doen sommer baie goed in al die toetse!

Soos julle weet, het ons land hierdie kwartaal munisipale verkiesings gehou en al die Pappas en Mammass moes gaan stem. Ek is seker julle het alreeds oor al die voor- en nadele van 'n verkiesing in 'n demokratiese land soos ons s'n in die skool gepraat.

Maar net om julle weer aan ons eie verkiesing by die Sondagskool te herinner, is hier kort stukkie van al die verskillende partye vir julle ingesluit. Nou kan jy weer kyk of jy al die spanne se stories kan onthou!

Ons is baie dankbaar dat God ons gebede verhoor het en oom Jorrie gesond gemaak het!

Natuurlik gebeur dit nie altyd dat God mense wat siek word, gesond maak nie, want partykeer is daar ander dinge wat belangriker is, soos dat mense moet sien hoe ons as Christene optree wanneer iemand siek is.

Baie dankie vir elkeen van julle wat ook vir Oom Jorrie gebid het! Jesus het ons regtig geseën om so 'n wonderwerk te beleef!



Hier is 'n foto van hom in die hospitaal toe ek vir hom die groot hond van ons almal af geneem het - julle kan sommer sien hoe bly hy daarvoor was!

Julle moet die skoolvakansie geniet en sommer baie pret hê!

Liefde in Jesus,

Tannie Lita

Kleuters = Drie-in-Een-party

Kleur: Rooi

Simbool: Rooi Harte

Slagspreuk: God is Liefde en Hy is Drie-in-Een!

Het julle geweet dat God spesiaal lief is vir kindertjies? Daarom het Hy Jesus as 'n babatjie na ons toe gestuur, sodat ons sommer baie lief sal wees vir Hom ook!

Jesus het 'n paar keer spesifiek oor die kinders gepraat toe Hy op aarde was.

Mattheus 19:14 Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle"



Junior Kategese NG Rietfontein-Suid

2011, Volume 2

Junie 2011

Notas vir die yskas

- Ouer-Oase - Elke laaste Donderdag van die maand - DVDs word in saal vir kinders gewys, so ouers is welkom om die kinders saam te bring
- Derde kwartaal begin op **24 Julie 2011**

Donasies / Skenkings

- Ons sal enige hulp met die opgradering van ons klasse waardeer!
- Merk donasies duidelik vir Junior Kategese se Bouprojek, asb!

Ons Pappas en Mammass (en die Oupas en Oumas natuurlik ook) het nou hul eie nuusbrief!

Ouers in Harmonie

Hulle kan dit op die kerk se webtuiste lees onder **Die Koffiepot** - dieselfde plek waar al die Penniefluitjie se uitgawes ook gebêre word!

Graad R = Borrelparty

Kleur: Pienk

Simbool: Borrels/Sirkels

Slagspreuk: Ek borrel vir Jesus!



Is dit nie fantasties dat Jesus ons liefhet en ons daarom bly en vrolik kan wees nie?

As ons aan Jesus behoort, kan ons regtig altyd bly wees, want dan weet ons dat ons eendag die Ewige Lewe gaan kry!

Pienk is die kleur van blydschap - mens voel sommer lus om te borrel as jy pienk aantrek!

Filippense 4:4

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

Graad 1 = Kroonparty

Kleur: Pers

Simbool: Kroon

Slagspreuk: Jesus is die Seun van God. Hy is ons Koning



Julle ken seker almal oom Leon Goosen se liedjie: "My Pa is die Koning". Hy sing verder: "...en dit maak my 'n prins!"

Natuurlik is dit so - God is ons Koning en ons is almal Prinse en Prinsesse!

Het julle geweet dat pers in die ou dae die kleur van konings of purper genoem was?

Openbaring 3:10


Bly getrou en jy sal die Ewige Lewe as Kroon kry!

Graad 2A = Samaritane-party

Kleur: Groen

Simbool: Barmhartige Samaritaan

Slagspreuk: Sien, Kry Jammer, Help!



Die heerd van Bith was gryp. (Luka 18:31)

Jesus wil hê dat ons ons harte vir ander mense moet oopmaak en sien as hulle swaarkry.

Ons is so geseënd omdat ons Sy kinders is, dat dit sommer lekker is om ander te help!

Lukas 10:33-35

Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het hom gesien en hom innig jammer gekry, sy woude verbind en hom na 'n herberg toe geneem om versorg te word.

Graad 2B = Vissersparty

Kleur: Silwer

Simbool: Visstokkies

Slagspreuk: Ons is vissers van mense!



Ons vertel vir ander kinders van Jesus en help hulle om ook vir Jesus te leer ken - so is ons vissers van mense!

Alle mense moet mos van Hom weet en dis lekker om vir ander te vertel van al die wonderlike dinge wat ons as Koningskinders beleef!

Matteus 4:9

Jesus sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."

Graad 3 = Leeuparty

Kleur: Oranje

Simbool: Leeu

Slagspreuk: Daar's niks wat my God nie kan doen!



Ja, ons ken almal die liedjie: "My God is so groot, so sterk en so magtig, daar's niks wat my God nie kan doen!"

Dis darem wonderlik dat God wat so groot is, ook vir ons as klein ou mensies op aarde omgee!

Efesiërs 3:20

God werk deur sy krag in ons en is magtig om baie meer te doen as wat ons aan kan dink!

Graad 4 = CHOMP-party

Kleur: Geel

Simbool: Seekoeie

Slagspreuk: Christus Help Ons Met Probleme

Ons hoef nooit bang te wees om met Jesus Christus oor ons probleme te praat nie. Hy verstaan altyd. En Hy help ons om ons eie probleme te verstaan en te hanteer.

Niks is vir God onmoontlik nie!



Markus 10:27

Jesus het gesê: "Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik."

Graad 5 & 6 Dogters = Besige Jesus-Bye-party

Kleur: Goud

Simbool: Bytjies

Slagspreuk:

Jesus het ons bevry, daarom wil ons Sy Woord versprei!



Die kleur van bye se heuning is goud - net soos medaljes wat mens wen as jy 'n wedloop gehardloop het!

Soos wat bye altyd besig is om heuning bymekaar te maak, so moet ons die hele tyd besig wees om ons bes te doen met alles wat ons aanpak en vir ander mense van God te vertel.

Aan die einde van ons lewenswedloop, kry ons die Ewige Lewe as 'medalje'!

Hebreërs 12:1

Die mense rondom ons sien hoe ons optree.

Laat ons dan besig bly en aanhoudend die regte wedloop hardloop!

Graad 6 Seuns = Duifparty

Kleur: Wit

Simbool: Duif

Slagspreuk:

Soos duiwe vir vrede staan, wil ons ons lewens skoon en sonder rusie hou!



'n Duif laat dink ons aan die Heilige Gees. Dit is ook die simbool vir vrede. Wit is die kleur van reinheid.

Ons is baie dankbaar dat God vir ons die Heilige Gees gegee het om by ons te wees toe Jesus opgevaar het hemel toe.

Ons wil ons lewens bou op wat God van ons wil hê - en die Bybel wys ons die regte pad!

Psalm 119:9

Waarmee sal 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur dit te hou aan God se Woord.

Penniefluitjie


Kontakdetails:

Lita Spreeth
(Junior Kategesehoof)

Telefoonnommer: 082 453 8421
E-pos: lspreeth@sars.gov.za

Jesus het ons almal lief!

[Kliek hier vir ons webblad!](#)



Liewe Ouers,

As julle weggaan hierdie vakansie - ry asseblief veilig!

Baie dankie vir elke ouer wat by ons 'n draai kom maak en saam met ons hulle harte vir die kinders oophou.

Ons dra die welsyn van julle kinders op die hart, maar kan hierdie werk nie alleen doen nie - ons geniet dit as julle af en toe kom kuier, sommer net kom inloer of gesig wys!

Lita en die res van die Kategete

PS: Onthou die Ouer-ondersteuningsgroep elke laaste Donderdag van die maand - ons sal sorg dat daar DVDs in die saal vir die kinders gewys word as julle hulle wil saambring!

Graad 5 Seuns =

Kleur: Blou

Simbool: Wapenrusting

Slagspreuk:
Soldaatjies vir Christus!

Ons is soldaatjies vir Christus en dra Sy wapenrusting elke dag!

Efésiërs 6:11-17

Ons trek die hele wapenrusting van God aan -

- **Gordel** = Waarheid
- **Borsharnas** = Ons is deur God vrygespreek
- **Skoene** = Ons is bereid om oor Jesus te praat
- **Helm** - Ons is deur Jesus van sonde verlos
- **Swaard** = Ons glo in die Heilige Gees




Graad 7 = Reënboogparty

Naam: Die Reënboognasie

Kleur: Bont

Simbool: Reënboog

Slagspreuk: Ons is bont maar beautiful vir Jesus



Elke keer as ons die pragtige bont reënboog sien, kan ons seker wees dat God ons liefhet en dat Hy nooit weer die aarde deur vloedwaters sal verswelg nie.

Genesis 9:12-17

God het die reënboog aan ons gegee om ons te herinner aan die verbond wat Hy met Noag gesluit het dat die wêreld nooit weer deur water sal vergaan nie